

Jan Steyn Preek 13 Mei Moedergemeente Malmesbury: Pinksteropening

Tema: Is daar vandag nog afgode?

Teks: Eksodus 20:1-5, Eksodus 32:1-14 (1 Johannes 2:16, 1 Johannes 5:20-21, Kolossense 3:5 en Galasiërs 5:20)

Inleiding:

Waarom dink ons as ons aan afgode dink? Ons dink aan beelde van hout of steen of yster wat gode van mense aanbid wat nie Christene is nie. Ons dink dis iets waarvan ons in die Bybel in die Ou Testament gelees het of wat deur sekere heidense stamme wat baie primitief is of iewers in die bos bly, vandag nog beoefen word. Ons aanbid tog nie beelde van afgode nie. Ons glo tog in die Here.

Ek wil graag vir julle hierdie volgende video clip speel wat die vraag vra of daar in ons wêreld vandag nog afgode is.

You tube: Idol worship: The skit guys: 1 minuut 44 sekondes

Afgodery is in die Ou Testament nie een van baie sondes nie- dis die groot sonde. Dis soos die stam van hierdie boom en al die ander sondes op probleme is takke van daardie giftige boomstam met die naam afgodery. Wat is 'n afgod? Enigiets kan 'n afgod word as dit God in ons lewens verplaas of Sy plek in ons lewens kom inneem. Baie keer is afgode nie slegte of lelike goed nie. Dis baie keer goeie dinge soos 'n suksesvolle loopbaan of om goed te doen in die skool of in my sport. Dis nie verkeerd om suksesvol te wil wees nie, maar as ek so hard werk aan my loopbaan en sukses dat ek nie tyd het vir my huismense of familie of vriende nie, dat my gesondheid daaronder begin ly, dan het sukses hierdie afgod in my lewe geword. Dis nie verkeerd om sport te doen nie, maar as sport my hele lewe word- ek eet amper nie, want ek is bang ek tel op, ek oefen buitengewone ure en ek kan nie stop en ophou oefen as my liggaam beseer raak nie, dan het my sport dalk hierdie afgod in my lewe geword. As ek een ete klaar geeet het en droom al weer oor wat ek by die volgende ete gaan eet en kan nie stop as ek eers begin eet nie, het kos dalk hierdie afgod in my lewe geword. **Afgodery skryf Tim Keller, is dus om good things ultimate things te maak.** Ek gee iets wat eintlik goed is, te veel gewig, te veel

plek in my lewe. Dan is hierdie iets of iemand, my tyd op you tube of die internet, my vriende of my sport nie net deel van my lewe nie, maar dit is waarvoor ek lewe. Ek het op horskool die afgod van atletiek gehad. Ek het dit nie daardie tyd gesien nie. Maar ek het elke dag opgestaan en gedink hoe gaan ek die kilometres doen en die oefenprogram in pas wat ek daardie dag moes doen. Nie wanneer moet ek leer of wanneer gaan ek stiltetyd hou nie. Wanneer gaan ek hardloop. My grootste vrees was om Saterdag te verloor in die wedloop of om nie die Skiereiland span weet te haal nie. Ons vrese vertel baie keer wat ons afgode is. Dit waarvoor ek in die nag gedroom het, was dat ek hierdie groot atleet sou word soos my hardloop heroes van daardie tyd. As ek beseer geraak het, het ek deur die beserings goefen. Ek het geëet nie omdat dit goed of nodig was nie, maar om harder te kon oefen.

'n Afgod is enigiets of enigiemand van wie ons verwag om ons te gee wat net God ons kan gee. Byvoorbeeld: Net God kan jou waarlik vrede gee. Om meer goed bymekaar te maak kan dit nie doen nie, om meer te eet kan nie, om die hoogste plek in jou sport te bereik kan nie. **'n Afgod is alles waarna ons kyk en sê, as ek dit kan hê of hom kan hê of haar kan hê sal my lewe iets beteken en sal ek waardevol voel en veilig en gelukkig voel.**

Dis belangrik as ons die Bybel lees ons sal weet dat afgodery ook in die Nuwe Testament as hierdie kernsonde staan. In Galasiërs 5 word gepraat oor die vrug van die sondige natuur of die vrug van die vlees. Hierdie sondes staan teenoor die werk van God se Gees in ons lewens. Hier word gepraat oor sondes soos onsedelikheid en woede en vyandskap, maar natuurlik is afgodery deel van hierdie lys. Ek lees in Kolossense 3:5: Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: Onsedelikheid, onreinheid, slegte begeertes en gierigheid wat afgodery is. Afgodery stop dus nie aan die einde van die Ou Testament nie. Dit loop oor na die Nuwe Testament-dit oop oor na ons eie dag en tyd toe. Dit is waarvoor ons hierdie week mee besig gaan wees- hoe afgode deel van ons eie dag en tyd en lewens kan wees. Die probleem van ons afgode is da tons hulle nie altyd sien nie.

Kom ons kyk bietjie na hierdie teks van Eksodus 32 wat ons saamgelees het. Dis seker die oudste storie oor afgodery in die Bybel. Dit kan ons dalk help om afgodery beter te verstaan.

Die eerste punt is: Die goue kalf is maklik toeganklik en beheerbaar:

Die volk het gesukkel om toegang tot die ware God van Israel en die hele wêreld te kry. Daar was hierdie spesiale tent van ontmoeting waar Moses hulle leier ingegaan het om by God te hoor wat hy

vir die volk moet vertel. God het dus met hulle deur Moses gepraat. Maar Moses is nou al baie lank weg teen Sinaiberg op om die wet of tien gebooie by die Here te gaan haal en nou begin dink die mense hy gaan dalk nie terugkom nie. Die God wat hulle gedien het was onsigbaar, maar die leier deur wie God met hulle gepraat het, was nou ook weg en onsigbaar. Die gevolg? Hulle het nie toegang tot God nie- hulle kan nie met God praat en Hy met hulle nie. Hulle voel hulle kan nie by die Here uitkom en Hy by hulle nie.

As jy egter nou jou eie god bou soos die goue kalf hier, dan is toegang maklik- jy sien hom en hy staan hier reg voor jou. As jy voor die regte God en die ware God kom, kom jy met respek- jy sing lofliedere, jy bely jou sonde, jy bid, jy bring offers. Voor die afgod van die bul kom jy soos jy wil- sonder respek want die afgod het jou nie gemaak soos die regte God nie, jy het hom gemaak. By die fees begin die volk heel godsdienstig- bring maaltydoffers en brandoffers net soos vir die ware God. Maar dan raak dit wild- hulle begin losbandig tekere gaan- hulle raak dronk en mense het links en regs seks met wie hulle ook al wil. Dis soos dit by die heidense feeste gegaan het- by volke waar mense nie die Here gedien het nie.

Die tweede ding is die ware God is nie beheerbaar nie- hy het die wolkkolom in die dag gestuur en die vuurkolom in die nag om vir die volk aan te dui waar hulle moet trek. Hy het deur Moses met hulle gepraat sodat hulle kon weet wat Hy van hulle verwag en waarheen hulle moes trek. Die ware God was in beheer. As jy egter jou eie god bou met die goue goed wat jy uit Egipte saamgebring het, is jy in beheer. Vers 1 is een van die grootste leuens in die Bybel: Kom ons maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Gode wat jy self maak soos hierdie kalf wat dood is en koud is en geen mag het nie, kan jou nie lei nie. Jy lei hom. Die afgod is nie in beheer nie, jy is. Hierdie afgod kon nie vooruit trek en hulle volg hom nie. Hulle sou die goue kalf op 'n waentjie moes laai met beeste of osse vooraan wat hom sou moes trek. Waar wie wou gaan? Waar die volk wou gaan. Met die afgod is jy in beheer en jy kan hom saamneem waar jy ook al wil gaan.

Ons soek vandag nog hierdie God wat ons kan beheer, wat by ons sal inval en by ons wil en nie van ons vra om by Hom in te val of Sy Wil te doen nie. Ek luister hoe Myles Monroe hierdie geweldige godslasterlike ding sê: God can only do what we permit Him to do. God kan net doen wat ons Hom toelaat of vra om te doen. Hy kan nie aan die beweeg kom sonder ons gebede nie. Dis die goue kalf weer oor. Ons is in beheer, nie God nie. Een van die ander slagspreuke van hierdie word of faith movement waarvan Myles Monroe deel is, is die volgende: What I confess, I possess. Wat ek ook al begeer of uitspreek, sal ek kry. God is tog in my diens om my drome waar te maak en my te gee wat ek wil hê. As jy in beheer is, praat jy met God sonder respek- Hy is tog in jou diens. En as jy in beheer is, vrees jy nie die Here nie. Jy leef soos jy wil en maak soos jy wil. Hy sal by jou inval.

Die tweede punt is: Ons wil soos Aaron op twee stoele sit:

Aaron is die ou wat die goue kalf bou, maar hy was die geestelike leier van die volk- die hoofpriester. Aaron wil nie hierdie afgod staanmaak naas die Here of in die plek van die Here nie. Daarom as hy die afgod bou, sê hy dadelik: Mōre is daar fees vir die Here. Hy wil deur die goue kalf die Here net so bietjie nader aan die volk bring- meer sigbaar maak en makliker toegang tot die ware God gee. Ons aanbid nog die ware Here, maar net op 'n ander of ons eie manier. Vir Aaron was die kalf dus die sigbare beeld van die onsigbare Here. Maar dis afgodery. Eksodus 20: Jy mag nie beelde maak nie. Jy mag hulle nie vereer en dien nie. Ook al dink jy daardie beeld verteenwoordig die ware God. Die ware God mag nie soos die afgode van die ander volke in beelde vasgevang word nie. Hy is te groot en te heilig daarvoor.

Aaron wil op twee stoele sit. Ek begeer dat die mense steeds die ware God die Here sal aanbid. Maar ons moet darem ook die volk tegemoet kom wat nodig het om makliker in die Here se teenwoordigheid te kom en met Hom kontak te maak. Ons moet die Here relevant probeer maak vir ons eie tyd en die mense van ons eie tyd. Daarom bou Aaron vir die volk hierdie beeld van die bul sodat hulle nader aan die ware God is en Hom kan sien en voel en maklik en altyd by Hom kon uitkom. So wou hy God en die mense probeer tevrede stel. En die volk se aanbidding verval op die ou end in hierdie wilde partytjie wat herinner aan hoe die afgode van die ander volke aanbid word. Die bul self is natuurlik ook simbool van die godsdiens van volke wat ander gode gedien het. Die afgod Apis in Egipte en Baal in Kanaan as albei in die vorm van bulle.

Ons wil ook soms soos Aaron die Here aanbid. Ons wil dit goed hou met Hom, maar ons wil ook onself en ander mense please of tevrede stel. Ek beskou myself as hierdie Christen, maar by die partytjies haak ek maar soos almal uit want ek wil nie ongewild wees nie. Ek skinder saam met my maatjies oor iemand, want ek wil nie uit voel nie. Ek sit Sondag in die kerk, maar vat in my besigheid al die oneerlike kortpaaie wat ander mense vat, want ons moet mos doen soos almal doen om iewers te kom. Ons soek so bietjie van God en bietjie van die kalf. Dan verloor ons die onverdeelde trou aan die Here waarvan Eksodus 20 praat.

Ons afgode is nie altyd dinge soos geld, mag, roem, of ons loopbaan of sukses wat ons in die plek van God plaas nie of bo God plaas nie. Ons afgode is ook partykeer vals beelde van die ware God.

Hier is een: God is hard, Hy is soos hierdie kwaai ouer wat my agtervolg en gereed is om my te straf as ek iets verkeerd doen. Of aan die ander kant: God is soos Kersvader- hy sal alles gee wat ek vra, Hy word nooit kwaad nie en sal my nie straf as ek verkeerd doen nie. Dis mens se werk om te sondig en God se werk om te vergewe. Albei is vals en eensydige beelde van God. Iemand skryf: as ek vir my hierdie prentjie maak van wie God is en dit glo en dien en volg, glo en dien ek nie meer die ware God

nie, maar my prentjie van Hom. Net die Bybel leer ons hoe God werklik is. Dis waar ons ons prentjie van God moet kry. Net die Bybel leer ons hoe die Here aanbid wil word en gedien wil word.

Die ware afgod agter dit alles: Ekself:

Ek sluit af met 1 Johannes 2: 16: Alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit, kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. Ek sien dit, ek begeer dit, ek moet dit hê!

Kyle Idleman skryf **die grootste afgod en die afgod agter alle afgode is the god of me- die afgod van myself**. Wat is die gevolge as ek hierdie afgod aanbid?

Ek luister net na myself. Ek is my eie gesag. Ek luister nie na die wysheid of raad van ander nie. Ek is my eie wysheid en my eie raadgewer. Ek vat van die Bybel wat my pas en los die res. Die kernwoord is ek.

As ek self die afgod is, dan gaan die lewe eintlik oor wat ek kan bymekaarmaak, wat ek kan bereik, wie ek kan beïndruk en wie ek ken. En as ek die goed wat ek bymekaargemaak het verloor, of my posisie of loopbaan verloor, of my maatjies my nie meer soek nie, of al my kontakte my nie meer bel nie, ervaar ek skielik of ek niemand is nie.

Ek dien die Here soos wat ek wil en soos dit my pas- nie soos wat SY Woord my wil leer nie. Ek sal kerk toe gaan as ek lus is en Bybel lees en bid as ek tyd het of so voel. Ek wil in beheer wees en die Here moet by my inval. Hy moet my nie met gee wat ek nodig het nie, maar alles wat ek begeer. Anders is ek kwaad vir Hom. Ek dink nie Aaron of die volk wou regtig hierdie ander god aanbid nie. Hulle wou die ware God met die beeld net meer toeganklik en beheerbaar en manipuleerbaar maak. Hulle wou die ware God aanbid op 'n manier wat hulle gepas het.

Die gevolg van hierdie afgod van die eie-ek?

As ek my eie gesag en wysheid is, volg onsekerheid (insecurity) vanself. Al lyk ek vir ander of ek eintlik baie selfvertroue het. Hierdie god van myself word verteer deur wat ander van my dink en ek is doodbang om iets aan te pak want netnou misluk ek en ander gaan vir my lag of ek gaan belaglik lyk. Die kernwoord is weer ek. Die sekuriteit en die vastigheid in my lewe is nie in die Here nie, dis in myself. Wie vasstaan in die Here en nie meer so selfgerig en selfbewus is nie, jy kan waag, jy kan nuwe dinge aanpak. Want ek omhels nie maar myself en hou myself vas nie.

Daar is vandag nog afgode. Hulle dikwels nie iets wat jy kan sien en aan kan vat daar buite nie. Hulle is hier binne-in ons- in ons harte en begeertes. Ek glo die Gees van die Here sal in hierdie week SY

Woord gebruik om hierdie afgode vir ons uit te wys en iets beter in die plek daarvan te sit. Sodat ons meer vryheid kan beleef. Sodat ons gesonder en genadiger kan leef. Deur van die troon van ons eie lewe af te klim en Hom die troon te gee. Jy maak jou al jou hemp se knope verkeerd vas as die boonste knoop verkeerd is. Wie is die boonste knoop? Is dit jy of is dit die Here? As die Here die boonste knoop is, is al die ander knope op hul regte plek.

Amen